God se kinders leef altyd voor sy aangesig!

Skrif- en Fokusgedeelte:
Deuteronomium 8:1-6

Konteks bepaal alles rondom jou omgaan met God. Opgewonde gespannenheid loop hoog as Moses God se volk ná 40 jaar van woestynverblyf op die punt bring om die beloofde land in te trek en in besit te neem.

Vir eers word hulle egter die leviete voorgelees. God se kinders leef altyd voor sy aangesig. Sy wet is nie woorde in 'n boek nie, dis 'n lewenswyse, die Heilige Gees skryf dit op jou hart, jy moet dit op jou voorkop dra en op jou hand en op jou hekpaal en deurkosyn. Dit moet vir niemand 'n geheim wees dat jy openlik die Here dien nie.

Hierdie ontmoeting van die Here met sy volk deur bemiddeling van Moses word terselfdertyd 'n onthousessie (vs 2) – nie in die sin dat staaltjies vertel word nie, maar 'n onthou wat die Here gedoen het, dat Hy hulle persoonlik gelei en behoed en versorg het.

Dis ook 'n herinnering dat daar beproewings en versoekings oor hulle pad gekom het … om te leer dat 'n mens nie van sigbare dinge, die brood op ons bord alleen kan lewe nie, maar dat ons ook moeite moet doen met die nie-sigbare, die Woord van die Here wat ware lewe bring.

God kweek dissipline by sy kinders – alles daarop afgestem om Hom te dien! Daarom moet mens God dank vir al sy goeie gawes.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE
Publikasie
Publication
CALVYN JUBILEUM
Nr./No.: P06